SEDERT 1920

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Lynnwoodweg 1 PRETORIA • Tel: (012) 344-3805 • Faks: (012) 344-3907
Posbus 14078, Hatfield, 0028 • e-pos: affies@affies.co.za

21 Mei 2019

Geagte Ouers

EKSAMENREËLINGS - MEI/JUNIE 2019

1. Datums en tye

Die volledige eksamenrooster is reeds aan elke leerling verskaf. Dit is op die skool se webtuiste beskikbaar asook op die Affie-toep en Moodle by die vak Lewensoriëntering (LO). Die lokaalindeling word eersdaags aan leerlinge verskaf.

Die eksamen vind plaas vanaf Maandag 27 Mei tot Vrydag 14 Junie.

Sessie 1-vraestelle (graad 8 – 12): Die klok lui om 7:30 en leerlinge tree alfabeties in eksamenlokale aan.

Sessie 2-vraestelle (graad 10 – 12): Die klok lui om 11:30 en leerlinge tree alfabeties in eksamenlokale aan.

2. Skoolbywoning

Kragtens die nasionale onderwysbeleid mag 'n skool slegs tydens 'n matriekeksamen toestemming aan leerlinge verleen om tuis te studeer. Die Gauteng Departement van Onderwys vereis dat elke leerling die skool elke dag vir die volle duur van die eksamen moet bywoon. Om hierdie rede word die leerlinge in studieklasse ingedeel waar hulle onder toesig studeer.

Kliek asseblief op die skakel in die e-pos om u seun se studiereëlings te bevestig.

3. Studieklas

Daar is studielolake van 7:45 tot 13:00 beskikbaar.

Geen leerling mag in die kafeteria of op die terrein wees wanneer hy nie skryf nie.

Indien 'n seun vroeg afgelaai word en eers later eksamen skryf, óf vir sy ouers moet wag na afloop van sy eksamen, moet hy in die studielokaal gaan studeer.

Daar sal elke sessie presensie gehou word van seuns in die studieklas.

4. Koshuisleerlinge

Alle koshuisreëlings is reeds aan ouers gekommunikeer.

5. *Konsessies*

Leerlinge aan wie konsessies toegeken is, meld aan die begin van die eksamensessie (7:30 vir Sessie 1 of 11:20 vir Sessie 2) voor K11 aan.

Hulle word dan na 'n spesifieke klas gestuur waar hulle vir die duur van die eksamensessie onder toesig eksamen skryf.

Leerlinge moet die volle aangeduide tyd van die vraestel gebruik en sal glad nie toegelaat word om 'n antwoordstel vroeër in te handig nie.

Enige navrae kan gerig word aan Me. Annette Taljaard (annette.taljaard@affies.co.za).

6. *Eksamenregulasies*

6.1 Die ouer moet die skool op die dag waarop 'n leerling 'n vraestel vanweë siekte misloop, skakel en inlig rondom die kind se afwesigheid. By die eerste moontlike geleentheid hierna moet 'n mediese sertifikaat by die Adjunkhoof Akademie ingehandig word. 'n Doktersbrief is die enigste dokument wat 'n leerling laat kwalifiseer vir 'n moontlike siekevraestel. Indien 'n leerling vir 'n vraestel afwesig is sonder 'n geldige mediese sertifikaat, sal hy die punte vir die betrokke vraestel verbeur.

6.2 Presiese tye van elke sessie is op die lokaalrooster aangedui. Leerlinge moet vir die volle duur van die vraestel teenwoordig wees. Laatkommery sal nie geduld word nie, aangesien ander leerlinge daardeur ontwrig en administrasie bemoeilik word.

6.3 Leerlinge tree elke oggend by die eksamenlokale, soos op die lokaalrooster aangedui, aan.

6.4 Geen selfone of ander elektroniese apparaat (bv. tablette, "slim"-horlosies ens.) sal in lokale toegelaat word nie - voorgeskrewe sakrekenaars uitgesluit. Indien 'n leerling 'n selfoon of ander elektroniese apparaat skool toe bring, moet dit op eie risiko in sy tas gelaat word.

6.5 Geen skryfbehoeftes mag uitgeleen of geleen word nie.

6.6 Slegs **deursigtige penneblikke** sal in die eksamenlokaal toegelaat word.

6.7 Geen "Tippex" mag gebruik word nie.

6.8 Leerlinge moet met 'n blou of swart pen skryf.

6.9 Alle skool- en koshuisreëls bly steeds van toepassing en ons vra vriendelik dat u sal toesien dat u seun se voorkoms ook in die eksamentyd reg is.

Vriendelike Affie-groete

MNR. P. JOYNT
WAARNEMENDE HOOF

ME. E. VAN LOGGERENBERG
ADJUNKHOOF:AKADEMIE